**Saterdag 30 Desember**
**Skrifgedeelte: Handelinge 1:1-14**
**Fokusverse: Handelinge 1:9-11**
**Hemelvaart en wederkoms**

Die triomfantelike hemelvaart en wederkoms van ons Here Jesus Christus is ten nouste aan mekaar verbonde. Ons sien dit reeds in die vraag van die twee manne in wit klere aan die dissipels: "Waarom staan julle en kyk na die hemel?" Natuurlik moet ons oë en ons verwagting op die hemel gerig wees. Maar Calvyn se verklaring dui daarop dat die dissipels nie wou afskeid neem van Jesus as mens in sy liggaamlike teenwoordigheid nie. En dit was verkeerd. Hy moes as mens opvaar (na sy Goddelike natuur is Hy van ewigheid af sowel in die hemel as op die aarde) om sy Gees te kon stuur (Joh. 16:7). Hy moes opvaar om die troon te bestyg aan die regterhand van die Vader. In die hemel tree Hy vir ons in by die Vader. En deur sy hemelvaart het ons ons menslike natuur in die hemel as betroubare waarborg dat Hy as die Hoof ook ons as sy lede tot Hom sal neem (HK v/a 49).

Maar Hy sal ook weer kom. Ook daarmee vertroos die engele sy dissipels en vir ons. En die ooreenkoms tussen sy hemelvaart en sy wederkoms is treffend en aangrypend. Hy sal "net so kom" soos Hy opgevaar het. Hy het opgevaar op ’n wolk. En Hy kom ook weer op ’n wolk (vgl. ook Op. 14:14; Mark. 13:26). Die wolk is teken van God se heilige teenwoordigheid.

En soos Hy liggaamlik as mens en sigbaar opgevaar het het, sal Hy ook sigbaar en liggaamlik weer kom. Dieselfde Jesus. Elke oog sal Hom sien. Die Naam Jesus dui op sy ware mensheid. So is Hy gebore in die vlees, het Hy gely en gesterf, opgestaan uit die dood en opgevaar na die hemel. En net so sal Hy weer kom. So moet ons Hom biddend verwag, ook elke dag van die nuwe jaar, Jesus, ons opgestane, verheerlikte Here en Verlosser.

*Sing: Skrifberyming 11 (6-1):1, 3*
*Prof. CFC Coetzee (Callie) (emeritus)*